## REDAKSIONEEL.

# TEKENS VAN NOG ONVOLWASSENHEID IN SUID-AFRIKAANSE TEOLOGIE.

'n Eeu gelede was hier nog nie iets soos die beoefening van 'n eie Suid-Afrikaanse teologie nie. Selfs nadat die eerste teologiese skole tot stand gekom het in 1857 (Stellenbosch) en 1869 (Burgersdorp) is die teologie waarmee predikante gevorm is „ingevoer". Ons weet watter wonderlike woord „ingevoer" was en nou nog soms is. Daar word aangeneem die „ingevoerde" is beter as die eie.

Iets daarvan wil 'n mens ook opmerk wanneer jy na die bronnelyste kyk wat jy self aanhaal en wat onder studiestukke verskyn wat by Suid-Afrikaanse werkgemeenskappe in die teologie gelewer word. Referente skyn goed op hoogte wees met wat in Duitsland, Holland of Amerika — en soms selfs Switserland of Swede — op teologiese gebied verskyn het — maar baie selde word die werke van mede Suid-Afrikaanse teoloë aangehaal, bespreek of bestry. As die geroep om *dialoog* erns is, sou 'n mens dink dat die dialoog op werksgemeenskappe sou begin waar van mekaar se werke kennis geneem word en daaroor gepraat kan word!

'n Tweede opmerklike verskynsel is die „skoolse" karakter van aanhalings wanneer daar nog na Suid-Afrikaanse werke verwys word. Onder ons Afrikaanse teoloë bestaan daar 'n kerklike verdeling — en die verdeling beheers ook grootliks die boeke en tydskrifte wat ons lees.

Indien hierdie opmerking ter sake is, moet 'n mens die voorliefde vir die „ingevoerde" as stempel om met gesag te kan praat en die eksklusiewe studie rondom die eie skole as tipiese kenmerke van 'n nog onvolwasse teologiese bedrywigheid wat nog onseker van homself is, bestempel.

Almal van ons sondig seker dat ons nog nie die *tydskrif* as kommunikasie-medium by uitnemendheid benut nie. Ons lees te min tydskrifte en ons lug te min ons menings in mekaar se tydskrifte. In die twintigste eeu is die tydskrif by uitstek die middel om op hoogte te bly met wat in die wêreld aangaan.

Ons hoop om net soos die boeke wat bespreek word, in die toekoms ook die aandag te vestig op belangrike sake wat ander tydskrifte aanraak. Die Potchefstroomse redaksielede is gevra om die oog te hou op Suid-Afrikaanse teologiese tydskrifte, veral die Hervormde Teologiese Studies en die Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, terwyl die Pretoriase lede dan 'n bietjie in die oorsese moet loer — maar enigeen, ook elke leser, is welkom die aandag te vestig op wat lesenswaardig of behartigingswaardig gepubliseer word.

B.S.